Wat sê die jongklomp van Boeredanse?

As 15 jarige jong seun met geen ondervinding van "Voortrekkers" nie was ek glad nie opgewonde om saam met Chantelle hierdie Boeredans-naweek te gaan bywoon nie. Ek het met gemengde gevoelens gegaan want hoe kan hierdie tipe danse dan ooit interessant wees.

Ek het niemand anders geken nie en sommer met die intrapslag welkom gevoel tussen die kinders. Daar was jong kinders en daar was ouer kinders. Ek het almal se aandag en geselskap baie geniet. Ons voel amper soos een groot familie wat baie pret deel.

Met die dansery het ek maar eers baie skrikkering gevoel. Eweskielik moet ek danspassies aanleer en na ander soort musiek luister. Tannie Danette is 'n uitstekende leermeesteres en het ek sommer baie vinnig die nuwe danse aangeleer. Vrydagaand het ons tot laat gedans en Saterdag byna vir 11 ure gewals en passies soos die Polka, Settees, Mazurka, Kadriel en Paddika aangeleer. Ons het baie roteer aangesien die choreografie van so aard is dat jy gereeld maats wissel. Voete wat pyn het my beslis herinner ek is besig om iets ongewoons te doen. Ons was moeg en uitgeput maar dit was groot pret om al die nuwe danse aan te leer.

Soggens is ons wakker gemaak met 'n stukkie boeremusiek en dan het jy net so 'n halfuur gehad om aangetrek te kom en "Bosluispap" as ontbyt te gaan geniet! Ek het die storie eers so bekyk en gewonder wat gee hierdie mense ons nou om te eet – maar toe uitgevind dat dit eintlik baie smaakvol is. Dis glo tradisie op die kamp! Die middag- en aandetes was ook heerlik! Al die ouers wat gehelp het, het baie moeite gedoen om die kamp vir almal so aangenaam as moontlik te maak en ons waardeer dit alles baie.

Sondag teen 12:00 het ons ouers opgedaag en met toejuiging het ons hulle vermaak met ons Boeredanse! My ouers was skoon verbaas toe hulle sien hoeveel nuwe passies ek aangeleer het!

Behalwe vir die danspassies het ek ook sommer 'n klomp nuwe vriende gemaak!

BOEREDANSE IS GROOT PRET!!!

Groete tot 'n volgende keer – sien jou by die Boeredans!

ZARIUS PRETORIUS (15 JAAR OUD – skolier by AFFIES)